

Hoofstuk 6

Die Verhaal van God en pastorale verhale: die ontgin van verstaansmoontlikhede

6.1 Die vraag na 'n nuwe storie

Browning (1996:9) verwys in sy inleiding na die praktiese teologie as “...we should move in theology from practice to theory and back to practice”. Müller (1996:2) gaan ook van die veronderstelling uit dat 'n goeie teorie gelyk “...groeï uit die konkrete ervarings en andersyds 'n verryking daarvan meebring”. In hierdie laaste hoofstuk word gepoog om die verhale van die tradisies (verlede) en die verhale van vandag bymekaar te bring om te sien watter nuwe verhaal daaruit ontwikkel.

In die vraag na die funksie/rol van die Bybelse inhoud in die narratiewe-pastorale gesprek, het begrippe soos “Woord”, “pastor” en “narratiewe” vanuit die navorsing sterk op die voorgrond getree. Daarom is besluit om ondersoek in te stel na hoe pastore wat die narratiewe model in die praktyk vir berading gebruik, die Bybelse inhoud in hulle berading laat funksioneer. Die bedoeling is om vas te stel of die pastor in die proses dit kan regkry om getrou te wees aan sy “roeping” as bedienaar van God se Woord, maar terselfdertyd die narratiewe model tot sy reg kan laat kom.

In die individuele gesprekke en fokusgroepgesprek met medenavorsers het daar interessante voorstelle en gedagtes na vore gekom. Die bedoeling is om hierdie afleidings en gedagtes vanuit die navorsing, die tradisie van die verlede, die sienings

van vandag en my eie gedagtes in wisselwerking met mekaar te plaas, en te sien of 'n nuwe verhaal kan ontwikkel.

In hierdie navorsing was die vertrekpunt nie 'n hipotese of die bewys van die bepaalde waarheid nie. Dit is eerder die eerlike soeke na die rol van die Bybelse inhoud in 'n veranderende wêreld van vandag waarin mense op soek is na sin en betekenis in hulle lewensverhale wanneer hulle vir berading kom. Die vraag na die funksie van die Woord in die pastoraat is natuurlik nie 'n nuwe vraagstuk nie. Die “soeke” in die navorsing is eerder na hoe om in die veranderende wêreld en die postmodernisme die nuwe uitdagings die hoof te bied, en nog steeds die Woord van God te laat deur skemer as invloedryk en gesaghebbend. Dit is 'n soeke na nuwe denke, soos Gerkin (1997:97) sê: “...changes in the larger social situation alter the shape of Christian communities and thereby alter the requirements and modes of pastoral practice”.

Op grond van die bostaande besinning is daarom kennis geneem van die beweging van die modernisme na die postmodernisme, en wat hierdie beweging alles meebring. Veral die sosiaal-konstruksionistiese paradigma het sterk op die voorgrond getree met die klem op die gesamentlike konstruktivering van sin en betekenis gee aan ervarings en belewenisse van mense in hulle persoonlike omstandighede. Hermans (2002:vii) sê daarom ook: “For practical theology, it is important to reflect on this emerging concept of social constructionism within the social sciences.” In die navorsingsproses is rekening gehou met die sosiale strukture waarbinne mense hulleself bevind, asook die invloed wat hierdie strukture uitoefen. Hiermee saam is die diskoerse wat 'n rol speel nie geïgnoreer nie. Net soos aan die dominante diskoerse aandag gegee is, kon die ander diskoerse nie agterweë gelaat word nie. Freedman en Combs (1996:38) maak

die volgende interessante opmerking: “Discourses of a society determine what knowledge is held to be true, right or proper in society, so those who control the discourse control knowledge.” Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2002) sê voorts: “It is one of the core suppositions of social constructionism that discourse determines our understanding of the world, so that content and communication cannot be separated.”

Ek wil vertrou die diskoerse van gelowige en Christen-wees speel vandag nog ’n belangrike rol. Gergen (1999:74) se uitgangspunt herinner my tereg daaraan om die volgende in gedagte te hou naamlik, “...realize that the assumptions are not candidates for truth, but entries into conversations, insinuations into relationships”. My manier van beskrywing, verduideliking en verteenwoordiging word bepaal, selfs sterk beïnvloed, deur die verhouding en situasie waarin ek myself bevind. Die uitdaging van Gergen (1999:49) is “...invited are generative discourses, that is ways of talking and writing, that simultaneously challenge existing traditions of understanding and often new possibilities for actions”. Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2002) sê die volgende oor die praktiese teologie: “In the history of our discipline, there has been a strong current of understanding practical theology as applied theology. That is, practical theology was understood as the discipline where theology was applied to practice, especially to the professional practice of ministers and priests.” Maar met die emansipasie van die praktiese teologie na ’n dissipline van sy eie het ’n nuwe en ander begrip na vore getree. Ganzevoort (www.ruardganzevoort.nl:2002) stem met Farley saam wat sê dat “...practical theology could be defined as a field in clergy education focussing on ministerial activities or church life, or – and this is the newer understanding - as a discipline of theology covering Christian practice and

contemporary situations and thus as a form of contextual theology”. In die navorsing glo ek, het ek vanuit die praktyk na die teorie en weer terug na die praktyk beweeg, om nie net die gebruik van Bybelse inhoude in die narratiewe pastorale gesprek beter te probeer verstaan nie, maar ook om in en deur die wisselwerking van verskeie verhale te probeer kom by ’n stuk verantwoordbare praktiese optrede in pastorale sorg.

6.2 Wisselwerking tussen die verlede se verhale, vandag se verhale en gedagtes uit die navorsing

6.2.1 Tydlose begrippe van die verlede se verhaal en vandag se verhale in wisselwerking

Met “tydlose begrippe” word verwys na dit wat reeds in hoofstuk twee bespreek is, naamlik die tradisionele uitgangspunte wat deur die geskiedenis ’n bydrae gelewer het tot hoe ons vandag pastorale sorg sien en verstaan. In hoofstuk twee het ek reeds gepoog om sekere gedagtes te beklemtoon wat vandag nog saak maak in die pastorale sorg. Heitink (1993:90) wys ons soos volg daarop: “Today’s practical theology has much to learn from the tradition of pastoral theology. It contains a centuries-old treasure of experience, with the Scripture as the guiding principle for faith and practice.” Gergen (1999:62) rig as ’n sosiale konstruksionis die verdere uitdaging dat

“...we are challenged to step out of the realities we have created, and to ask significant questions what are the repercussions of these ways of talking, who gains, who is hurt, who is silenced, what traditions are sustained, which are undermined, and how do I judge the future we are creating”.

In hierdie hoofstuk wil ek as 'n opsomming die kerngedagtes weer aanhaal met die doel om dit in wisselwerking te bring met die verhaal van vandag en die gedagtes wat vanuit die empiriese navorsing na vore gekom het.

Van die vroegste tye af was die amp van priester, profeet en wyse manne of vroue daargestel met 'n bepaalde opdrag. Gerkin (1997:24) sê die volgende: "Each in his or her own way was vitally concerned with the care and discipline of Yhawe's people, both as a community and as individual." In hierdie herderlike funksie verteenwoordig die pastor konkreet iets van God se sorgsame bystand en hulp aan die mens in sy alledaagse lewe. Louw (1993:23) sê die Bybelse metafoer van God as herder het vir die Ou Testamentiese mense die betekenis ingehou van "...hulle is veilig en geborge binne die herderlike sorg van God". In die Nuwe Testament kies Jesus self om God se liefde vir die verlore sondaar uit te druk met dié metafoer. Na Jesus word ook verwys as die Herder wat sy lewe vir Sy skape aflê (vgl. Matt. 26:3 en Joh.10:11). Louw wys verder daarop dat die herder-styl ook oorgedra is op die ampsdraers in die gemeente (Louw, 1993:24). Hy gaan voort deur te sê die liefdevolle styl van die pastor word 'n medium waardeur nie net die sorg van God aan die wêreld gekommunikeer word nie, maar ook die doel van hierdie sorg: die redding van die menslike siel.

Deur die geskiedenis heen is die pastor gesien as die verteenwoordiger van God se liefde en omgee, maar ook as die draer van die boodskap van verlossing en redding. Gerkin (1997:80) beklemtoon die saak soos volg: "More than any other image, we need to have written on our hearts the images most clearly and powerfully given to us by Jesus, of the pastor as the shepherd of the flock of Christ." Maar net so waarsku Gerkin my om op die uitkyk te wees vir daardie gebeure wat deur die eeue heen die

beeld van die herder dikwels versteur het. Hy verwys hier na waar ongekende mag aan die pastor toegeken is, en waar mense gemanipuleer en uitgebuit is deur die draers van die amp (Gerkin, 1997:81).

Daarom was daar nog altyd die soeke na die fyn balans tussen die pastor as die persoon wat God se liefde en omgee vergestalt, maar ook die draer is van die boodskap van God se geregtigheid vir die mens in hierdie wêreld. Gerkin (1997:19) maak die stelling dat “...pastoral care is considered to be not only the core of individuals and families, but also the core of the Christian community and the traditions that gives that community its identity”.

Hier sal ek ook die vraag wat Gerkin (1997:12) vra, moet herhaal: “What was it about that experience that made it an experience of care for you? What if anything about the experience identified it as pastoral care?” Van die vroegste tye blyk dit ’n opdrag en taak te wees wat God aan die mens opdra om vir mekaar om te gee, maar daarmee saam ook Sy Woord van redding/verlossing te bring op die pad van omgee. Die onvermydelikheid het ook deur die loop van die geskiedenis gebeur dat in die proses van “pastorale sorg” daar so betrokke geraak is by die sosiale omstandighede, dat nagelaat is om as verteenwoordigers van God, God se Woord in die omstandighede te laat hoor. Net so het die pendulum ongelukkig ook weer te ver na die teenoorgestelde kant geswaai waar daar só gekonsentreer is op die bring van die Woord aan die mense, terwyl die betrokke raak by die mens in sy fisiese omstandighede op die agtergrond geskuif is. Dit het meebring dat al hoe meer besef is dat “pastorale sorg” vanuit ’n veel wyer perspektief verstaan moet word.

Die gedagte wat hieruit sterk na vore gekom het, is dat “pastorale sorg” as opdrag van God, gelyktydig ook die betrokke raak in die sosiale omstandighede en strukture van die dag meebring en dat die pastor daar ook getuie is met ’n bepaalde identiteit. Gerkin (1991:158) wys egter op ’n ander probleem: “Much as we who claim the Christian story of the world as our normative narrative ...we are in our time bombarded with evidence that this is not the case even in North America, to say nothing of the rest of the world.” Die werklikheid van die dag is volgens Gerkin (1991:158) die volgende: “We are thus confronted with the complicated realization that our Christian understanding of the world – an understanding that our tradition has shaped through time and history – is but one way of construing the world and life in the world.”

As pastor sal ek kennis moet neem daarvan dat gelowiges nie meer die enigste narratief besit oor hoe die wêreld is en hoe die wêreld funksioneer waarin ons deelnemers in die gewone lewe is nie. En tog ten spyte hiervan, moet ek nog steeds die Christelike roeping as die fondament van my optrede en denke proklameer. Die pastor is en bly ’n geroepene van God met ’n bepaalde opdrag en optrede in hierdie wêreld. Daarmee saam het die pastor ’n eie unieke verhaal van ’n bepaalde verhouding met God wat aan sodanige ’n besliste identiteit gee.

In die postmodernisme moet die pastor verstaan dat die Christelike narratief nie noodwendig ontken word nie. Dit is net een van baie ander narratiewe wat gehoor word. Die pastors moet eerder die positiewe van die sosiaal-konstruksionisme benut en vra hoe hulle met die Christelike verhaal kan help betekenis gee aan ’n nuwe gedeelde realiteit. Op hierdie punt moet die pastors as draers van hierdie narratief, nie die Christelike narratief probeer voorhou as die “absolute en die volle waarheid” nie.

Nie omdat dit nie so is nie, maar omdat hulle weer tot die besef moet kom dat die krag en die waarde van hierdie Christelike narratief in homself opgesluit lê. Beslis nie in hoe en wat die pastors kan sê en doen nie.

In aansluiting by die voorgaande sê Gerkin (1997:240) die volgende: “Thus the theology of pastoral care is grounded in a mystery... it is the mystery of the care of God.” Gerkin maak melding van Tillich se insig waar hy praat van ’n “spiritual presence”. Hiervolgens is God ’n teenwoordigheid wat inderdaad ’n verskil maak. Daar kan alleen van Sy teenwoordigheid gepraat word in terme van ’n KRAG. Maar dan nie as ’n krag soos alle ander kragte nie. God is die krag teenwoordig binne al die ander kragte (Gerkin, 1997:240). Hierdie “misterie” mag die pastorale terapeut nie uit die oog verloor nie. Dit is die Christelike narratief wat die pastors as geloofsverhale besit. Müller (1996:174) haal Stroup aan wat sê: “In Christian communities this identity narrative consists of a text which begins with the canonical history Christians call ‘Scripture’ and extends through the community’s history into the present.” Dit is deur hierdie “Scripture” dat beide die Christen-pastor en die Christelike geloofsgemeenskap hulle identiteit ontdek in die narratiewe geskiedenis van Jesus van Nasaret.

Müller (1996:174) wys daarop dat die verhaal van God in baie gevalle nie as botsend met die eie verhaal beleef word nie, maar daar is aan die ander kant die probleem van die integrasie van die geloofsverhaal in die persoon se eie lewensverhaal. Müller voel hier moet ’n hermeneutiese proses aan die gang kom waardeur die persoon met wie gewerk word, dit regkry om sy storie in die lig van die Verhaal te interpreteer. Müller (1996:174) beklemtoon die volgende: “Hierdie ontmoeting en integrasie kan bereik

word sonder die eksplisiete gebruik van die Skrif.” Hy gee egter toe, indien dit reg gebruik word, daar nie ’n meer effektiewe manier is om die vertikale dimensie na vore te bring as deur Skriflesing en gebed nie. Gerkin (1997:111) sê in die verband die volgende: “Practical theology becomes the task of maintaining the connections between the varied stories of life and the grounding story of the Christian community.”

’n Laaste gedagte uit die begrippe van die tradisie/verlede se verhaal kry vervolgens aandag. Dit was nog altyd belangrik om iewers te behoort. Om deel te wees van ander, sê Gerkin (1991:118) maak saak: “Inviting persons into membership in the church necessarily includes facilitating a process where persons who have been strangers in search of a religious community move toward becoming ‘at home’ with fellow christians.” Die gemeenskap met ’n netwerk van verhoudings waarbinne iemand gewaardeer en veilig kan voel is belangrik. Dit gaan oor ’n gemeenskap met ’n geloofsverhaal wat kohesie bring. ’n Verwagting ten opsigte van mekaar, ’n saamstaan en omgee vir mekaar. Binne die netwerk van die persoonlike stories en die gemeenskap se stories vind ons saam sin in ons bestaan. In hierdie gemeenskap se geloofsverhaal is die belangrike verwagting dat God in ons verhaal teenwoordig is.

Lester (1995:71) konstateer in hierdie verband: “Pastoral care and counseling has as one of its goals the nurture of hope, so one of its responsibilities is attending to the hoping process.” In die pastorale proses moet die pastor daarop fokus om die persoon te help om ’n toekomsverhaal te vind met ’n oop einde. ’n Toekomsverhaal met ’n uitdaging en ’n droom om na te jaag. Lester (1995:152) sê voorts: “The sacred story represents a progressive narrative. It represents a God-Who-Is-Love, a God who attends to us with steadfast, faithful care and is trustworthy.” Dit is hierdie hoop wat

saam met geloof en liefde die hartklop van die Christelike verhaal uitmaak. In aansluiting by Wimberley (1994:10) se gedagte van die “aansteeklikheid” van die Bybelse verhaal, moet pastors bloot die saaidjie plant van God se liefde en omgee en die wonder van die evangelie toelaat om sy gang te gaan. Op ’n onverklaarbare wyse laat die groter Verhaal se krag die kleiner verhale van mense nuwe betekenis en sin kry, en sodoende word hulle verhaal, ’n verhaal van Hoop met ’n oop einde.

6.2.2 Individuele gesprekke en fokusgroepgesprekke se gedagtes in wisselwerking

6.2.2.1 Die Woord en sy funksie in die narratiewe pastorale gesprek

Die Woord speel ’n belangrike rol in die narratiewe pastorale gesprek. Die mede-navorsers erken dat hierdie Woord self die veranderingsbron in hulle eie lewensverhale is:

- “Die Woord is deel van my mens- en pastor- wees.”
- “Die Bybel is deel van my lewe, is wie ek is.”

Die vraag is hoe bring die pastor hierdie belangrike geloofsverhaal in die gespreksituasie in, sonder om die indruk te skep dit is die enigste antwoord en die absolute. Gerkin (1997:112) laat hom hieroor soos volg uit: “Locating pastoral care in the centre of the dialogue between the Christian story and life stories suggest that its most fundamental caring purpose is to facilitate the process of connecting life story to the Christian story and vice versa.” Beide die mede-navorsers het in die individuele gesprekke iets hiervan probeer regkry. Daar is begin om te luister na die verhaal wat die persoon op die tafel sit en die betekenis van die persoon se eie verhaal te verstaan:

- “Ek probeer die persoon se verhaal van ‘binne’ verstaan, die kliënt se storie staan voorop.”

In die proses word geluister vir raakvlakke met die Skrif. As die persoon iets van die Skrif sou ophaal of laat deurskemer, gebruik die pastors die geleentheid om aan die toutjie te torring met die hoop om die verhaal van die persoon nie alleen beter te verstaan nie, maar ook aan die groter Verhaal te verbind:

- "...om stories te integreer en erns te maak met die lewensverhale en die verhale in verband te bring met die Skrif se verhale en God se Verhale met ons lewens".

Een van die gespreksgenote van die fokusgroep het die volgende gesê: "Ek het nogal plek-plek die manier wat hulle daarvoor praat, nie gedink dit is vreeslik ongeforseerd nie." My ervaring as navorser was egter dat die individuele gespreksgenote nie die oogmerk gehad het om doelbewus die Woord in te bring nie. Daar is gewag vir 'n regte geleentheid, en as dit nie gebeur nie, en die Woord kom nie ter sprake nie is dit ook nie vir hulle 'n probleem nie. Die geleentheid moet eers gegee word vir die gesprek om te ontwikkel. Miskien in die tweede of vierde gesprek gebeur dit. In die fokusgroep is die volgende interessante opmerking gemaak naamlik dat "...rather than wait for the person to give me the opportunity I listen for God's opportunity". Die ervaring van die gespreksgenote was dat in die meeste gevalle die persoon in elk geval self die Bybel of 'n verhaal van die Bybel op die tafel plaas. Die geleentheid moet dan met beide hande aangegryp word.

Die opmerking van Müller (1996:25) waar na Stroup verwys word, bied hier 'n verdere moontlike antwoord: "...wanneer jy worstel om die verlede in die bewustelike hede te bring - "to bring time to mind" - jy God in die proses gaan raakloop. Iewers langs daardie proses word jy gekonfronteer met die vraag wie of wat God vir jou is." So kan die geleentheid weer op die tafel kom om die lewenstorie van die persoon in

verband met God se Verhaal te bring. Vanuit die fokusgroep was daar die voorbeeld dat ons almal hierdie “sacred story” in ons lewens het. Die gespreksgenoot moet teruggeneem word tot by die “sacred story” en as jy saam met hom die “journey” onderneem, sal jy uiteindelik die persoon se storie hoor en verstaan. Dalk kom die Bybel hier ter sprake of dalk nie.

Indien die persoon nie self die Verhaal van God ter sprake bring nie, wat kan die pastor doen om ongeforsed die Woord ter sprake te bring? Hier is die onderskeid gemaak, dat indien die persoon ’n lidmaat is en die pastor kom sien, word die persoon gewoon gevra:

- “Hoe sien jy God in jou lewe?”
- “I ask them what do they expect from me?”

Die algemene mening is egter dat al is daar die verwagting dat God deel van die mense se verhaal is, dit tog geforsed is om die groter Verhaal om hierdie rede in die proses te wil inbring. Is dit regtig narratief? Wil die persoon die Verhaal op die tafel plaas? In die individuele gesprekke wou Gert ’n pad van integriteit loop en hy het die behoefte om aangesien God ’n groot rol in sy verhaal speel, te sê “...ek is geïnteresseerd in mense se opinies oor God” en “...ek vra hoe ervaar hulle God in hulle situasie”.

Evert het in die fokusgroep voorgestel dat ’n minder geforsede proses is om by ’n dekonstruksiegesprek te kom. Ons sit bymekaar en praat oor “...hoe die gesprek tot hier gevorder het”. Die gedekonstrueerde moment gee aan die pastor die geleentheid om oor sy eie rol en sy deelname in die proses te praat:

- “In die dekonstruksie van ’n gesprek is dit tot hiertoe vir my die maklikste manier om iets van my geloofsverhaal op die tafel te sit.”

Die dekonstruksieproses gee aan die pastor die geleentheid om te vra: Hoekom het ek op ’n sekere manier opgetree, wat dink die gespreksgenoot daarvan? ’n Verdere gedagte wat vanuit die fokusgroepgesprek gekom het, is dat Jake die volgende beklemtoon: “Die narratief sê dit baie duidelik, my geloofsnarratief speel ’n rol in wie ek is.” As die Bybelse narratief verstaan word, hoekom kan die Bybel nie as ’n derde gespreksgenoot funksioneer nie? Dit is immers nog ’n verhaal met moontlikhede.

Wat duidelik na vore kom, is dat dit nie saak maak op watter wyse die Woord ter sprake kom nie, maar dat daar ’n belangrike plek vir die Woord in die narratief-pastorale gesprek is. ’n Verstaansproses moet gegenerer word waardeur die persoon sy eie storie in die lig van die groter Verhaal interpreteer, weer interpreteer en so nuwe sin vind saam met die pastor. Die pastor staan nie in die proses, soos die gespreksgenote daarop wys, as die “expert” of “ek het die antwoord” nie, maar as ’n fasiliteerder wat die verhale op mekaar laat inwerk, en kyk wat nuut daaruit na vore kom. Tim het tereg gesê: “I think the question is am I patient enough to allow God’s Story to develop here... how do I see God’s story developing here rather than putting God’s story into it.”

Pastors moet ’n rustigheid vind daarin, soos die fokusgroep dit stel, dat God nie eers intree as ons iets doen nie:

- “God is daar, Hy is alreeds teenwoordig. God tree in sonder my as pastor se toedoen.”

Die aanname is korrek dat “...ek dink die blote feit dat ons in ’n pastorale gesprek is, is al klaar ruimte waarmee God kan werk, met of sonder dat ons Hom enigszins aanhaal of doelbewus inbring”. Die Heilige Gees as krag moet net die geleentheid gegun word om Sy werk te doen. Waar stories mekaar ontmoet, vind volgens Müller (1996:173) altyd iets plaas. Voeg daarby Gerkin (1997:240) se gedagte dat “...it is the mystery of the care of God”. Dan verstaan ek Jake se aanname: “Selfs pastors kry nooit ’n handvatsel op God nie. Christen is ook ten diepste iemand van ’n ‘not knowing person’.” Daarom voel hy hoort die narratiewe model en die Christelike geloofsverhaal bymekaar.

Gerkin (1997:103) vat alles saam as hy sê dat

“...one of the fundamental structures of care that life in a community of faith can and should offer is a story or a grammar – a way of speaking about people’s circumstances - that can connect people’s life experience with the ultimate context of meaning contained in the Christian gospel”.

In die narratiewe pastorale gesprek wag die pastor nie vir die geleentheid om God se waarheid te proklameer nie. Gerkin (1997:112) sê: “Rather pastors seeks to facilitate a serious, open dialogue between the two sides if the equation a dialogue that will include sharing of feelings, stories of past experience, mutual questioning, and search for authentic connections between the two poles.” Pieter het in sy individuele gesprek die volgende gesê:

- “Luister na die stories, dit lei na lewensprobleme en dit lei weer na die Bybel.”

In die ontmoeting tussen die lewensverhale van die mense en die Verhaal van die Bybel word daar gekom by ’n nuwe betekenis of sin, en ’n unieke uitkoms.

6.2.2.2 Verskillende “stories” in die narratief-pastorale gesprekke

Daar is eenstemmigheid oor die moontlikheid van verskillende verhale in die narratief-pastorale gesprek. In die gesprekke met die navorsers het naas die Bybelse verhaal, die rol van hulle eie persoonlike geloofsverhale sterk na vore gekom. In die verhale word dit duidelik die Bybel hulle lewens deurspoel:

- “Die Bybel is deel van my lewe, is wie ek is.”
- “...is geprejudiseer deur die Skrif”.

Die mening is dat wanneer leraars in ’n situasie as pastors optree hulle nie hulleself van die Verhaal kan losmaak nie. Die verhaal het ’n bepaalde invloed op wie hulle is en wat hulle doen. Die geloofsverhaal is ook hulle lewensverhaal; God in hulle verhaal. Die reaksie in die fokusgroep was:

- “...wel dit is ’n feit, ons het ’n storie. Elkeen het ’n storie” en “Ek kan my nie losmaak van die storie nie.”

Die fokusgroep is egter van mening dat in die narratiewe model die kliënt se storie die belangrike bly en dat uit sy storie ’n nuwe verhaal moet ontwikkel. Evert het egter die gevoel gekry dat daar te swaar op die narratiewe teorie gesteun word terwyl ons sê: “Maar ek het ’n storie en jy het ’n storie en my storie kan ek nie vermy nie.” Ons moet versigtig wees om die geloofstorie nie te prominent te wil maak nie.

Tim reageer soos volg: “My story and when I am in a pastoral therapy situation has nothing to do with what is going on there for them.” Hy erken dat sy geloofsverhaal wel ’n invloed het op hoe hy luister, maar “...they do not have to know my story”. Dit is nie deel van die gesprek nie. Hierop is gewonder of ’n mens nie tog maar iets van

jou eie storie kan inbring nie. Jake het gereageer deur iets heeltemal anders te sê: “Omdat ek ’n Christenpredikant is, werk ek narratief. Dit beteken nie ek bring my christelike verhaal uit en vertel my getuigenis nie. Maar omdat ek sterk glo aan die hele gedagte van genade en die kruis en dat ek nie die antwoord het nie, kan ek die ruimte skep vir die ander persoon om in sy eie verhaal ’n antwoord te vind.” Volgens Jake kan hy so die narratiewe metode toepas sonder om sy Christelike geloof te ontken. Die individuele gespreksgenote het ook beklemtoon dat hulle nie in die beradingsproses neutraal kan staan teenoor hulle eie lewensstories nie:

- “...ek kan nie bestaan en sin vind los van my verhouding met die Here nie”.
- “...die wonderlike verhale van die Skrif is in ons lewens ingewef”.

As navorser is my ervaring dat die individuele gespreksgenote hiermee te kenne wou gee dat elkeen se geloofsverhaal so deel is van hulle onderskeie lewensverhale dat dit uitgeleef en beleef moet word. Dit is nie ’n kwessie van in die persoonlike lewe is God betrokke, maar in ander fasette sit God op die kantlyn en het geen invloed op elkeen se doen en late nie. In die berading kom daar wel iets van die pastor se verhouding met God deur en as sodanig ’n pad van integriteit wil stap, moet hierdie aspek erken en ook aanvaar word. Daarmee voel hulle nie dat hulle God en sy Verhaal van betrokkenheid in die pastorale gebeure inforseer nie, maar as mede-reisgenote in die proses sê: God is deel van my verhaal en betrokke waar ek betrokke is. Natuurlik nie met die gedagte dat hier is God in my storie en ek moet die storie op die tafel plaas nie. Dit is deel van wat ek saam met my bring as ek saam met jou as mede-reisgenoot na nuwe sin en betekenis in jou verhaal soek.

6.2.2.3 Die verhaal van pastor-wees in die narratief-pastorale gesprek

Saam met die woord “pastor” kom ’n bepaalde verhaal. Vanuit die verlede se verhaal is die “geroepene” of “gesalfde” van God gesien as iemand met ’n bepaalde opdrag en taak. As verteenwoordiger van God het die “herder” ’n bepaalde identiteit met hom saamgedra. Nie alleen was hy verantwoordelik om na die mense van God om te sien nie, maar ook om die Woord van God te bring. Deur die geskiedenis heen is hierdie begrip van “geroepene” verskeie kere herbevestig as die persoon wat vir God se kinders omgee, sorg en die Woord van God aan hulle bring. Tot vandag toe word die leraar gesien as ’n geroepene van God met ’n bepaalde opdrag en taak. Beide die individuele gespreksgenote sien hulleself as geroepenes met ’n bepaalde identiteit:

- “...die leraar is ’n gesalfde of ’n geroepene van God”.
- “...sien my berading as ’n bediening”.
- “...ek werk vanuit ’n christelike oogpunt”.

Die fokusgroep het nie ’n probleem gehad met hierdie bepaalde identiteit rondom die begrip “pastor” nie. Daar was tog egter die gevoel dat versigtig omgegaan moet word met die begrip. Evert se mening is dat as ons onself as verteenwoordigers van God sien, daar ’n negatiewe kant van die saak is: “Ek dink daardie soort identiteit beteken by implikasie dat ek weet iets, ek het iets ontvang.” Die pastorale berader moet waak dat mense hom nie as die “expert” in Skrifuitleg sien nie. Die fokusgroep is van mening dat die uitgangspunt van die narratiewe model eerder help om tot die besef te kom ons is mede-reisgenote wat saam soek na die sin en die betekenis van God in ons lewensverhale. As die mede-reisgenoot is die pastor die fasiliteerder om die lewensverhale van die mense in kontak te bring met God se Verhaal in hierdie wêreld.

Die pastor moet in gedagte hou dat wanneer hy in gesprek tree met 'n gespreksgenoot, die gedagte van Ganzevoort (www.ganzevoort.nl:2004) van groot waarde is naamlik dat dit gewoon 'n eenvoudige gesprek oor God is, met die erkenning dat om oor God te praat nie beteken die gespreksgenoot is “godsgeleerd” nie.

Die pastor help die persoon om met die Bybelse verhaal sy eie verhaal te rekonstrueer. Evert sê in hierdie verband: “As 'n geloofstradisie het dit groot potensiaal om mense van waarde te wees in die hervorming, herstrukturering van hulle lewensverhale.” Wat egter belangrik bly, is die medeverantwoordelikheid van almal in die proses. Evert gaan so ver as om te sê: “Die ander persoon hoef nie daar te sit en luister wat die pastor oor hierdie teks sê en dit aanvaar nie.” Daar moet onthou word dat die pastor besig is met die ander persoon se verhaal, en saam vanuit hierdie verhaal as mede-outeur moet 'n nuwe, sinvolle verhaal ontdek word. Dit gaan oor wat Müller (1996:i) in sy voorwoord “verhaalbetrokkenheid” noem; nie maar die belangse vertel en luister na lewensverhale nie, maar hy sê: “Diepgaande pastorale betrokkenheid by al die verhale wat in die pastorale situasie ontmoet.”

Die gedagte het ook na vore gekom dat om pastoraal te wees nie net beteken dit gebeur as die pastor die Woord aanhaal en gebruik nie. Die pastor kan in 'n pastorale situasie diensbaar wees sonder om 'n teks aan te haal, bloot deur sy manier van optrede kan hy 'n verteenwoordiger van God wees. Evert stel die saak soos volg:

- “Hoe ek hierdie gesprek met die persoon voer en dan gaan dit nie oor... oor wat sê die Bybelse inhoud en gebruike nie, dit gaan oor hoe ek hierdie gesprek met die persoon voer.”

Daar moet iets tasbaar gekommunikeer word van God se goedheid, God se genade en God se betrokkenheid. Gert het in sy individuele gesprek ook hierna verwys deur te sê sy pastorale bediening het dikwels niks te doen met 'n gesprek met iemand oor God in sodanige se lewensverhaal nie:

- "...so of ek daar by die hospitaal iemand wat ontslaan word mee 'n gesprek het en hom help om blyplek te kry omdat hy nêrens het om heen te gaan nie, dan is dit ook deel van my bediening wat Woord gebaseer is”.

Die betrokkenheid by mekaar loop uiteindelik uit op 'n werklike dialoog van gee en neem.

6.3 'n Terugkeer na die Bybelse verhaal van God se betrokkenheid by die mens

In die narratiewe model gaan dit beslis oor betrokkenheid, en hierdie betrokkenheid verwys na die verhoudings tussen al die partye wat in 'n pastorale situasie ter sprake is. Müller (1996:45) wys soos volg daarop: “Nie net tussen pastor en lidmaat nie, maar ook tussen God en mens. Die uitgangspunt is dat God nooit net 'n toeskouer is nie, maar 'n deelnemer aan die pastorale gebeure.” Wanneer die narratiewe teoretici hulle antropologie bou op die uitgangspunt van die eenheid van die menslike ervaring, dan is dit nodig dat ek ook sal kyk na die vraag oor hoe die Bybel God se betrokkenheid in die mens se verhaal sien.

Onder die begrip “antropologie” hoef ek nie altyd te verstaan dat dit alleen oor die wetenskap van die ontwikkeling van die mens handel nie. Deist (1984:8) definieer antropologie in teologiese terme, as 'n leerstelling oor die aard van die mens, wat gesien word as:

- 'n beelddraer van God,

- 'n sondaar,
- 'n etiese wese,
- 'n veroordeelde, en
- 'n verlose mens.

Hierin vind ek die verhaal van God se betrokkenheid by die verlore mense, en hoe God die situasie wil verander. In Paulus se briewe vind ek 'n antropologie waar Paulus uitsprake maak oor die “ou mens” en die “nuwe mens”, oor mense wat “dood” is en mense wat “lewe”. In die gebeure sien ek God se betrokkenheid by die mens se lewensverhaal waarin die moontlikheid van 'n nuwe verhaal bestaan. Daar moet egter 'n duidelike onderskeid getref word tussen antropologie in die gewone sin van die woord en 'n teologiese antropologie. As Paulus verwys na die mens wat saam met Christus gesterf het en weer saam met Christus opgestaan het, word dit duidelik in 'n geestelike sin bedoel. Maar vanuit hierdie geestelike vernuwing volg ook 'n nuwe manier van lewe en optrede.

Murphy-O'Conner (1982:3) vestig die aandag daarop dat Christus die middelpunt van Paulus se antropologie vorm. Paulus se hele perspektief van die realiteit en ook sy siening van die mens is gewortel in die verstaan van die verlossingswerk van Jesus Christus. Paulus kyk na die mens vanuit twee radikale oogpunte – in die eerste plek, as die “ou mens” wat na die sondeval in die sonde bly volhard. Tweedens kyk hy na die mens as die “nuwe mens” wat deur die bloed van Christus gereinig is en so 'n nuwe verhaal begin. Vanuit hierdie oogpunt gesien, speel Paulus se Christologie en ook sy soteriologie 'n belangrike rol in sy siening van die antropologie van die mens. Müller (1996:35) vra dan ook: “Die vraag is nie alleen watter antropologie behoort Christene

se huwelik en gesinsverhoudinge te rig nie, maar ook watter antropologie heers onder Christene.”

Wanneer Paulus praat van die mens as 'n nuwe mens in Christus (vgl. 2 Kor. 5:17 en Kol. 3:14), sluit dit aan by die veronderstelling dat God die skepper van die mens is. By Paulus is een van die gevolge van die skepping van die mens deur God, die feit dat die mens 'n verantwoordelikheid teenoor God het. Vir Paulus is dit nie bloot 'n geval van die reg tot bestaan nie, maar bo alles die vraag vir wie en vir wat die mens lewe. Deel van die Bybelse antropologie is die siening oor wat God met die mens as sy skepsel wil bereik, en hoe God hierdie doel bereik indien die mens faal. In die narratiewe model se metafoor sou ek kon sê watter storie of lewensverhaal God met die gevallende mens wil deel om weer saam met sodanige sin en betekenis in hierdie wêreld te vind.

Heyns (1974:128) sê volgens die Woord is mens wees geskape wees, maar ook sondaar wees. Hiermee is twee waarhede van direkte teenoorgestelde aard oor die mens uitgespreek. Maar die belangrikste is die gedagte – geskape - wees bring die mens in verband met God. Dit is God se versoeningsaard in Christus wat dit vir die mens moontlik maak om met die “ou mens” (verlede se verhaal) te breek en hom met die “nuwe mens” (toekomsverhaal) te beklee (vgl. Kol. 3:10). Interessant is dat die reddingsdaad nie net uit 'n “nuwe verhouding” bestaan nie, maar dat die herskepping 'n totale “nuwe lewe” (storie) meebring. Ridderbos (1975:206) stel dit soos volg: “Paul’s doctrine of the new life does not find its determinative point of departure in the new creature but in the new ‘creation’.” Iets hiervan vind ons in 2 Kor. 5:17: “Iemand wat aan Christus behoort, is 'n nuwe mens. Die oue is verby; die nuwe het gekom.”

Groenewald (1973:83) is dit eens dat die nuwe lewe niks minder as 'n nuwe skepping is nie. Daarvoor is God alleen verantwoordelik. Vir Paulus is dit 'n verandering vanaf 'n toestand van “dood” en “slawerny”, na 'n toestand van “lewe” en “vryheid”. Hierdie verandering vind nie plaas as gevolg van mense se pogings en krag nie, maar alleen as gevolg van God se herskeppingswoord en krag.

Müller (1996:25) verwys na Webb-Mitchell wat sê dat ons almal se persoonlike stories by hierdie bogenoemde “master story” ingebed is. Hierdie meesterverhaal omring en lei ons. Vir die gelowige is die geloofsgemeenskap en die pastor die mense wat die meesterverhaal van die geloof moet lewend hou deur dit weer en weer te vertel. Müller (1996:27) sê die volgende: “Binne die pastorale konteks glo ons egter dat ware verstaan onder andere veral daaruit bestaan dat sin gesoek word in 'n verhouding met God.” Die doel van pastorale betrokkenheid is nie om sin te vind of om sin te gee nie. Die doel is slegs die fasilitering van 'n betekenisvolle soeke na sin. So word die pastor en die persone in berading saam mede-konstrueerders van 'n gedeelde realiteit. Elke mens moet vir homself besluit of hierdie “nuwe verhaal” in Christus 'n verhaal is wat hy deel van sy eie lewensverhaal wil maak.

Maar laastens sal ek in die gebeure van betrokkenheid ook moet kyk na die rol van die Heilige Gees in die storie van God se betrokkenheid met die mens. Müller (1996:50) verwys hierna as hy sê: “Die storie van God se bemoeienis met die wêreld vind voltooiing in die Heilige Gees... Hy is ook die een wat 'n nuwe verhaal, die verhaal van menslike handeling begin.”

So belangrik as wat dit vir Paulus is om die “nuwe lewe” aan die dood en die opstanding van Jesus te koppel, net so belangrik is dit vir hom om te wys op die verhouding tussen die “nuwe lewe” en die werk van die Heilige Gees (vgl. Rom. 7-8 en Gal. 3-4). Die bekende antropologiese terme van Paulus, naamlik die “ou” en die “nuwe” maak weer hulle verskyning hier by die werking van die Heilige Gees (vgl. Rom. 7:6): “Nou kan ons dien in die nuwe bedeling van die Gees en nie in die ou bedeling van die wet en voorskrifte nie.” Die gedagte “in die Gees” (Rom. 8:9) blyk vir Paulus van allergrootste belang te wees. Die herskep van die “ou mens” tot “nuwe mens” lê pertinent op die terrein van die Gees.

Lategan (1986:105) wys daarop dat die woord “deur die Gees” (Gal.5:16) dui op sowel die oorsprong van die “nuwe” bestaanswyse as op die “norm” waaraan dit moet voldoen. Die beskrywing in “...laat julle lewe steeds deur die Gees van God beheers word”, weerhou Paulus daarvan om die nuwe lewe in die vorm van reëls en regulasies vas te lê. Die verantwoordelikheid binne die Christelike “vryheid” lê by die mens om self te besluit of hy die nuwe lewenswyse (storie) wil aanneem en uitleef.

Die groot teenstelling van die lewe voor die geloof en die lewe in die geloof, word dan gekenmerk deur die volgende teenstellings. Die mens word deur een van twee kragvelde beheers – óf die van die vlees óf die van die Gees. Die gelowige word tereg gewaarsku om nie die mag van die sonde te onderskat nie en daarom die leiding van die Gees te volg. In die stryd is daar vir die gelowige geen neutrale posisie moontlik nie. Die heerskappy van die “ou” bedeling moet vervang word deur ’n ander beginsel, naamlik die van die aktiewe leiding van die Heilige Gees. Die gelowige is nie ’n passiewe objek in die gebeure nie. Dit beteken eerder dat die gelowige in elke situasie

opnuut moet besluit watter optrede is in ooreenstemming met die nuwe bedeling van die Gees. Ridderbos (1975:222) wys daarop dat die Gees (1 Kor. 2:4) die mens lewend maak. Selfs die innerlike vernuwing (Tit. 3:5 en Rom. 7:6) is die werk van die Gees. Ridderbos (1975:232) kom tot die gevolgtrekking dat geloof die weg is waardeur die gelowige mens sterf en opstaan met Christus, lewe deur die Gees, vernuwe word tot die beeld van Christus, in kort, die nuwe skepping van God is. Dit is die geloofsnarratief wat die verskil maak.

Müller (1996:52) maak die volgende stelling: “Die pneumatologiese uitgangspunt help ons om aan die Bybelse wysheid vas te hou wat ons help verstaan dat God nie in opposisie met die menslike natuur werk nie, maar juis daarin en daardeur, en dat die mens ook te midde van ’n sondige natuur vrugte van die Gees kan dra.” Ladd (1974:493) wys daarop dat die praktiese uitwerking van die “nuwe” storie spanning meebring. Spanning tussen die indikatief en die imperatief. Omdat die gelowige ’n nuwe skepping is en die nuwe aeon van verlossing betree het, en die gelowige saam met Christus gesterf het (Rom. 6:5), is die “ou” mens gekruisig. Dit is die indikatief.

Die imperatief behels weer die siening dat die gelowige hierdie nuwe status prakties sal laat realiseer in sy alledaagse lewe. Hierdie opdrag is die imperatief, dit wil sê die respons van die gelowige op die oproep van God. Die gelowige moet aangespoor word om wat in beginsel verby is in die praktyk te realiseer. In terme van Paulus se antropologie behels dié stap ’n definitiewe kognitiewe besluit. Alleen deur die verligting van die Heilige Gees kan die gelowige mens die ware betekenis en sin van die kruis verstaan, asook die implikasie daarvan, vir die “nuwe lewe” in Christus. Dit is die geloofsverhaal wat die pastor in die narratiewe berading moet fasiliteer met die

gespreksgenoot: die belofte van die Heilige Gees wat elke gelowige wil bystaan sodat sy verhaal gehoor kan word. Ladd (1974:494) maak die besondere opmerking dat “...walking after the spirit means to live each moment and to make each decision under the guidance of the indwelling spirit”.

In Paulus se antropologie word dit ook duidelik wie “vernuwe” word, word nie uit hierdie wêreld en sy gebeure uitgehaal nie. Daar is nog altyd spanning tussen die huidige en dit wat nog moet kom. So moedig Paulus die gelowiges aan om te bly volhard om die “nuwe” storie ’n werklikheid te maak in hulle lewens. In Paulus se antropologie besef ek dat die mens nie ten volle begryp of verstaan kan word nie, tensy ek die mens en sy posisie voor God in ag neem. Hier is dit nie die simplistiese kwessie van die mens wat God uit die prentjie los en dat dit daarom onvoltooid is nie. Dit is God wat die belangrike element (faktor) in die prentjie is, en om God weg te laat in die poging om die mens te verstaan, is om ’n ernstige denkfout te begaan. Die vraag oor hoe die mens tot God in ’n verhouding staan, is die kern en spilpunt waar rondom Paulus se antropologie draai. Die narratiewe benadering bied vir my midde die postmoderne wêreld ’n bruikbare Verhaal om God as die kern in die lewe van die mens se “nuwe storie” te kom proklameer.

6.4 My eie storie om tot verhaal te kom

In ’n artikel van Dreyer (2003:335) is haar uitgangspunt: “Die artikel eindig in ’n postmoderne sin met ’n ‘oop einde’. Dit wil die versmelting van die storie van die kerk met die ‘fundamentele’ narratief (die verhaal van Jesus van Nasaret) in ’n volgende storie laat voortgaan.” Aan die begin van die navorsing was my

uitgangspunt: kom ek betrek die pastors met hulle stories as medenavorsers in die pastorale gebeure, en ek luister hoe ervaar en beleef hulle die funksie van die Bybelse inhoud in 'n narratiewe pastorale gesprek. Natuurlik nie met die doel om by 'n enkele doelgerigte antwoord/verklaring uit te kom nie, maar met die doel om nuwe verhale (aan te wakker) oor hoe die pastor die meestersverhaal (die Verhaal van God) kan bly deel maak van 'n proses waarbinne gesamentlik gesoek word na 'n sinvoller verhaal wat in 'n volgende storie kan voortgaan.

Vanuit die staanspoor is die keuse gemaak dat ek in hierdie navorsing nie as navorsers buite die gebeure staan en bloot waarnemings maak nie. Ek is deel van hierdie narratiewe gebeure waar 'n klomp verskillende verhale bymekaarkom en op mekaar inwerk, met die wete dat hierdie verhale nie maar net verhale is nie, dit is verhale van betrokkenheid. Betrokkenheid om te probeer verstaan, maar meer nog soos Müller (1996:ii) in sy voorwoord sê, verhale wat gesien word as 'n veranderingsbron.

Vanuit my eie verhaal was die eerste beperkende vooronderstelling wat gedekonstrueer moes word, die mening dat die Woord van God in die pastorale gebeure voorkeur moet geniet. Dit is dan die normatiewe, die gesaghebbende in die lewe van die gelowige en die pastor. Die Woord behoort sentraal te staan in die pastorale gebeure. Binne die postmoderne era met die sosiaal-konstruksionistiese paradigma het ek tot die besef gekom dat as ek 'n sinvolle toekomsverhaal wil konstrueer, ek nie die handhawer kan wees van 'n konvensionele meestersverhaal nie. Maar ek sal moet saamluister na medenavorsers se individuele verhale en hulle ervaring en die betekenis wat hulle daarin vind. Dreyer (2003:345) sê oor hierdie saak die volgende: “Die afgelope tyd het daar verskuiwing gekom in die selfverstaan van mense asook in die verstaan van

mense se verhouding tot die wêreld.” Dreyer haal Pambrun aan wat sê die klem het verskuif vanaf die kundige persoon na ’n hermeneutiese proses van kennisverwerking.

Vanuit die luister na die verskillende verhale en die saam soek na betekenis is my ervaring dat daar stadig maar seker ’n nuwe verhaal begin ontwikkel het. Die Verhaal van ’n God wat aanwesig is. God is hier teenwoordig. Selfs die ontkenning van God se bestaan deur sekere aanhangers van die postmodernisme, sê eintlik daar is ’n soeke na iets. Wanneer die Verhaal van God nie voorop staan nie, beteken dit nie die Woord van God het sy gesag en plek verloor nie. As een van die stories tussen baie ander stories, is die Stories aanwesig. Die belangrike is die geleentheid moet aangegryp word om die Storie van Jesus van Nasaret te laat hoor. Die pastor moet die verhaal van mense en die Verhaal van Jesus bymekaar laat uitkom. Die Verhaal van Christus hoef nie noodwendig as die gesagvolle geproklameer te word nie, en die grootste rede hiervoor is dat die gesag en krag van die Verhaal in Homself lê. Die bymekaarbring van die verhale bring die onverklaarbare ontwikkeling en groei van ’n nuwe verhaal mee. Die kuns en kreatiwiteit lê in die hande van die pastor om hierdie unieke verhaal gehoor te laat word. Die pastor is en bly een van die instrumente waardeur God sy Storie in die wêreld hoorbaar maak.

Ek moet as bedienaar van die Woord egter besef dat die pastor nie meer in die gesagsposisie staan van dié persoon wat alleen die waarheid besit en al die antwoorde ken nie. Saam met die gespreksgenote is ek op soek na sin en betekenis in die verhale, ook God se Verhaal waarby ek betrokke is. Deur te luister na ander persone se verhale en dié in aanraking te bring met God se Verhaal, ontstaan in die narratiewe benadering ’n moontlikheid vir ’n nuwe verhaal met nuwe sin en betekenis. Die positiewe is dat

dit vanuit die individuele gesprekke duidelik is dat in die meeste van die narratief-pastorale gesprekke die ervaring is dat God en sy Verhaal deur die gespreksgenoot self op die tafel geplaas word. Die pastor moet alleen die geleentheid benut om saam te reflekteer op die betekenis en sin van God in daardie verhaal.

In die geval waar die gespreksgenoot nie die verhaal van God na vore laat kom nie, bied die narratiewe model ruim geleentheid om die Verhaal van God wel ter sprake te bring. Die eerste manier is om 'n dekonstruktiewe gesprek oor die gesprek self te voer. 'n Gesprek óór die gesprek. In die proses kan geleentheid geskep word deur vrae te vra aangaande die ervarings en voorbeelde, en so te hoor hoe hulle God en sy Verhaal in hulle situasie beleef. 'n Tweede moontlikheid is die pastor kan die Verhaal van God self ter sprake bring, aangesien dit deel is van sy eie verhaal en dit wat hy met hom saambring na die gesprek. Die doel hiermee is nie om sy verhaal die middelpunt te maak nie, maar nog 'n verhaal met 'n moontlike uitkoms in die gesprek in te bring.

Derdens kan die pastor direk as 'n derde verhaal in die gesprek, die storie van Jesus van Nasaret inbring, deur aan die gespreksgenoot te vra: In jou krisis, waarom kom sien jy my as pastorale terapeut? Vertel my jou storie! Daarmee is die tafel nie alleen gedek vir die gespreksgenoot se eie verhaal nie, maar die ruimte is geskep vir God se Verhaal. Tim se woorde van wysheid is hier van groot waarde: "I think the questions is am I patient enough to allow God's story to develop here... how do I see God's story developing here rather than putting God's story into it."

God se Storie moet ek weet, is nie teenwoordig omdat ek dit inbring nie. Die ontdekking word dikwels bloot gemaak, want God was reeds teenwoordig gewees. In

dié lig gesien kan God se Storie ooit geforseerd wees? Die belangrike punt waarby gekom moet word, sê Karl (2002:33) is: “The point is that we are continually authoring and re-authoring life stories.” En in die proses: “We compose our life stories from the cultural, social familial and religious materials at hand.” So groei ek, kry ek insig, hoor ek God se stem. Laat los ek van die ou stories en laat die nuwe stories aan my rigting gee.

Die Woord van God het vanuit die navorsing sterk na vore gekom as ’n Verhaal wat in die postmoderne tyd en die sosiaal-konstruksionisme nog steeds ’n unieke en deurslaggewende rol speel. Dit is ’n Verhaal wat ander verhale nie net verhelder nie, maar nuwe betekenis en sin gee om in die veranderende wêreld ’n impak te maak.

Random die woord “pastor” is eweneens die betekenis van die verlede se verhaal bevestig en versterk. Die pastor bly God se verteenwoordiger in hierdie wêreld, en die een van wie daar gevra word om op ’n kreatiewe wyse die Verhaal van God in hierdie wêreld uit te dra. Die pastor se eie lewe word inderdaad verander en gerig deur die Verhaal van God. Hoe meer die pastor saam met ander besin oor hulle eie verhale en God se Verhaal en saam soek na sin en betekenis, hoe dieper kom almal tot ’n eie verstaan van God en sy Verhaal in hierdie wêreld. Dan kan die pastor soos Evert sê: “...nie anders as om gretig en gewillig te wees om oor die Bybel te praat nie”. Wie die krag van die Verhaal al self ervaar het, weet dit is ’n Vader wat self betrokke raak in die lewensverhale van sy kinders. Hopelik is die pastor ’n verpersoonliking daarvan dat God is in sy eie verhaal betrokke.

In die navorsing het die verdere gedagte na vore gekom dat die pastor nie “pastor” is omdat hy die Woord van God in ’n gesprek na vore bring nie. In my betrokkenheid en luister en besig wees met die verhale van ander mense, spreek my optrede en houding net so ’n groot deel. Campbell (1981:16) beklemtoon soos volg: “Pastoral care as integrity must therefore be, first and foremost, that presence of one person with another which precedes all words. Pastoral care is embodied care, care incarnate.”

Evert verwoord hierdie manier van optrede mooi as hy sê dat die pastor se manier van doen en late iets van God kommunikeer, van God se goedheid, God se genade en God se betrokkenheid. Deur die manier van optrede kan die pastor sy gespreksgenoot tot ’n ontmoeting met God bring, en dit is hierdie geleentheid wat die pastor moet benut. Vanuit die navorsing wil dit voorkom of die narratiewe model in besonder die geleentheid help skep om deur verhaalbetrokkenheid iemand anders tot hierdie ontmoeting met God te bring. Müller (1996:27) stel dit soos volg: “Binne die pastorale konteks glo ons egter dat ware verstaan onder andere veral daaruit bestaan dat sin gesoek word in ’n verhouding met God.”

Dit is hierdie herontdekking van die “master story” wat mense help om hulle eie lewensverhale te rekonstrueer tot ’n sinvolle en betekenisvolle verhaal. Campbell (1981:105) sê in sy boek: “A path to the rediscovery of pastoral care in church life and in theological education will be found when there is a willingness to risk new ways of learning about others and new ways of sharing with others.” In die sosiaal-konstruksionisme word die uitdaging aanvaar om saam met ander die realiteit te konstrueer deur na mekaar te luister en saam ’n betekenisvolle verhaal te skep.

Ek sou dwaas wees om nie op hierdie punt na die “wyse” woorde van Evert te verwys nie. Hy sê die pastor moet nie te gou en te haastig wees om God se Verhaal in die gesprek in te bring nie: “Ek het by ’n punt gekom waar ek in my gesprekke met mense dit eers vermy om oor geloof te praat tot baie laat in die gesprek.” Die rede hiervoor is dat dit te maklik gebeur dat die gespreksgenoot die morele hoë grond wil betree deur die Bybel ter sprake te bring om so byvoorbeeld ander partye op hulle plek te sit. Net so moet die pastor ook daarteen waak om aan die ander kant nie die geloofsverhaal te gou te wil inbring, omdat dit die gemaklike en gerieflike en selfs vinnige of kundige uitweg tot ’n oplossing is nie. Die gevaar is hier dat die uitkoms nie dié van die gespreksgenoot is nie, maar die pastor se verhaal waarin die gespreksgenoot nooit betrokke was nie. Daarom is die uitgangspunt van die narratiewe model so belangrik – ek wil graag jôu storie hoor.

In die luister na ander mense se stories gebeur die mistieke, die Heilige Gees skep die geleentheid vir die pastor as draer van God se Verhaal, om persone tot ’n ware ontmoeting met Jesus van Nasaret te bring. ’n Ontmoeting waarbinne die betrokkenheid van die lewende God, Sy toekomsverhaal ook in die gelowige mens se lewe ’n realiteit wil maak. ’n Toekomsverhaal met onbepaalde moontlikhede omdat die verhaal ’n oop einde het, maar die gespreksgenoot sal self moet besluit wat hy met die meta-Verhaal se hoop wil maak!

6.5 ’n Persoonlike refleksie

Die beweging van die modernisme na die postmodernisme het ’n groot invloed uitgeoefen op verskeie terreine in die samelewing. Bepaalde aspekte is positief ervaar terwyl sekere van die gebeure weer vrae laat ontstaan het. Een van die belangrikste

gebeure in die proses is die siening dat niks vandag meer vas en seker is nie. Die volgende vraag is gestel: Wat is nou presies die waarheid en hoe bepaal ek die waarheid? Hiermee saam het die gedagte dat nie net een persoon of instelling die antwoord/verklaring besit nie, die probleem verdiep.

In die gebeure het die sosiaal-konstruksionisme sterk op die voorgrond begin tree met sy eie bepaalde uitgangspunte en veronderstellings. Die teologie as wetenskap is in die proses ook nie onaangeraak gelaat nie. 'n Belangrike stap was die oorgang na die “breër rasionaliteits” - opvatting wat gemaak is in die hermeneutiese benadering (Pieterse, 1991:40). Die besef dat die bymekaarmaak van kennis nie primêr van die toepassing van sterk geformuleerde metodiese reëls afhanklik is nie, maar eerder van die simmetriese wisselwerking tussen gelyke deelnemers aan kommunikasie wat 'n al groter rol begin speel het. Daar is besef dat soos alle menslike geskiedenis, die historiese verloop van pastorale sorg nog steeds 'n kontinue proses is, wat voortdurend verander en vernuwe. Browning (1996:6) sê tereg: “When a religious community hits a crisis in its practise it then begins reflecting (asking questions) about its meaningful or theory laden practise”. Browning (1996:58) bevestig dat binne die verandering en beweging van die geskiedenis, die huidige praktyke of gebruike vir 'n kort tydjie vas en seker is, voordat die nuwe krisis tot nuwe vrae lei sodat weer deur die hermeneutiese sirkel beweeg moet word. Volgens Hermans (2002:vii) kry Browning dit in sy verwysing na die praktiese teologie as 'n model van “practise-theory-practise” reg, om te breek met die “application model” wat twee elemente behels naamlik teorie-praktyk.

In my navorsing het ek probeer om aan die hand van die volgende vraag, vanuit die praktyk na die teorie en weer terug na die praktyk te beweeg: Hoe funksioneer Bybelse inhoud in 'n narratief-pastorale gesprek? 'n Belangrike uitgangspunt van die navorsingsmetode was dat die navorser nie as 'n buitestaander gesien is nie, maar saam met die medenavorser as 'n deelnemer in die navorsingsproses. Dit het beteken dat die navorser nie in 'n "gesagsposisie" gestaan het wat alles weet en beheer nie, maar eerder 'n mede-konstrueerder van die gedeelde realiteit en die soeke na waarheid was. Hierdie ingesteldheid het ook meegebring dat ek anders begin dink het oor die verskillende diskoerse betrokke in die navorsing. Waar die "moet" van die gebruik van die Bybel in die pastorale gebeure aanvanklik voorkeur geniet het, is daar beweeg na die siening dat die pastor nie die Bybel as die "belangrikste prioriteit" kan proklameer nie.

Die "gesagvolheid" van die Skrif is nie gesetel in 'n verpligte na vore bring van die Bybel in die pastorale gebeure nie. Die gesag van die meta-Verhaal lê eerstens in die Verhaal self en in die aanwesigheid van God in die wêreld opgesluit. Tweedens lê die gesag in die nuwe moontlikhede wat die Verhaal ontsluit wanneer dit in aanraking met die verhaal van die gespreksgenoot gebring word. Derdens is die optrede van die pastor self net so belangrik: hoe hy as verteenwoordiger van God dit regkry om iets van God se liefde en omgee in sy optrede na vore laat kom. Op grond van die navorsing is besef dat die narratiewe benadering juis vir die pastor die geleentheid skep om die Verhaal op verskillende maniere in die beradingsproses in te bring.

Myns insiens was 'n belangrike uitgangspunt dat die mede-navorsers nie net kon deelneem aan die proses nie, maar ook die afleidings wat gemaak is, kon bevraagteken

en selfs hulle eie insigte kon byvoeg. Hiervan was die individuele opvolggesprekke met die mede-navorsers van groot waarde. Die fokusgroepgesprek en deelname aan die verdieping van die probleem was ook 'n positiewe en sterk punt. In die terugskouing op die navorsingsproses is egter besef dat daar ook met die fokusgroep 'n opvolggesprek moes plaasgevind het. Dit sou verder goed gewees het as die afleidings vanuit die fokusgroepgesprek self met die deelnemers gekontroleer is.

In sekere van die gesprekke het die vraag na vore gekom of dit in die narratief-pastorale gesprek net gaan oor die gebruik van die Woord en of gebed nie ook 'n belangrike rol in die pastorale gebeure speel nie. Ek dink dit is inderdaad 'n saak wat verder nagevors kan word, saam met die “spiritualiteit” van die pastor en sy gespreksgenote.

Ek het die navorsingsproses as 'n groeiproses ervaar – nie alleen ten opsigte van denke nie, maar ook ten opsigte van my eie geestelike ervaring en persoonlike betrokkenheid in die pastorale gebeure. 'n Groeiproses saam met 'n gespreksgenoot op soek na 'n nuwe storie van hoop en uitkoms waarin God se Verhaal nuwe horisonne en moontlikhede ontsluit, in 'n verhaal met 'n oop einde. 'n Oop einde omdat God Hom nie laat vasvang in strukture of modelle van mense se sienings of teorieë nie, maar omdat sy Verhaal voortgaan in 'n volgende verhaal.